

Woensdag 30 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 28:23-31

Fokusgedeelte: Handeling 28:24, 28, 31 (1983-vertaling)

Die Heilige Gees laat ook heidene na God se boodskap van redding luister en glo

Dit is ironies dat Paulus in Jerusalem geweldige teenkating van die Jode se kant gehad het. In Rome (die stad van die antichris) kon hy vir twee jaar met volle vrymoedigheid, sonder enige verandering, die evangelie verkondig. Ter wille van die evangelie het hy baie ontberinge deurgemaak. Hy was verdruk en selfs in boei soos 'n misdadiger behandel. Die Woord van God kan egter nie geboei word nie (2 Tim. 2:9).

Paulus het kragtig aangaande die koninkryk van God getuig. Hy het die Joodse leiers probeer oortuig dat Jesus Christus die enigste weg tot redding is. Hy het by die wet van Moses en die leer van die profete begin. Paulus het gewys dat Jesus Christus langs die weg van die kruis volkome versoening gedoen het. Hy het die wet vervul.

In Christus het die koninkryk van God gekom en is die belofte vervul. Wie in Hom glo, het deel aan sy koninkryk. Sommige Jode is oortuig, maar ander kon hy nie oortuig nie. Paulus reageer op hierdie verdeeldheid deur die woorde van Jesaja 6:9-10 aan te haal. Alles kom daarop neer dat die wat nie uitverkies is nie, die evangelie van redding teëstaan en verwerp. Hulle blootstelling aan die evangelie werk verharding van harte, ore wat gesluit is en nie wil hoor nie. Paulus laat die Jode "goed verstaan dat God se boodskap van redding na die heidennasies toe gestuur word. Hulle sal luister." (:28)

Ook in heidene se harte werk die Heilige Gees deur die Woord wonders. Elkeen wat uitverkies is, word deur die Heilige Gees wederbaar, luister en glo in Jesus Christus. Hulle onderwerp hulle aan sy heerskappy. So word die kerk van Christus bewaar en vermeerder.

Mag die Heilige Gees ons vervul en bekwaam maak sodat ons met vrymoedigheid die boodskap van redding uitdra. Uit genade kan ons sonder verandering ons roeping vervul.

Sing: Skrifberyming 1-1:2, 5

Ds. WP van der Merwe (Willem) (Emeritus)